N.G. Gemeente Weltevreden

Afkondigings
27 Februarie 2011

VANDAG: 27 Februarie

Kerk:	08:00 & 10:00	Prof Nelus Niemandt
Musiek:	*08:00*	*Tharien Oosthuizen*
	10:00	*Gideon Rademeyer*
Kix-Kerk: (Gr 1-6)	08:00 & 10:00	Ds. Hettie Wessels
Kategese vir G 1-6:	08:00 & 10:00	Direk na KIX-kerk
Kapel:	10:00	Ds. Kobus Sandenbergh
Musiek:		*Reinette Bouwer*
Kapel:	19:00 (Meditatief)	Ds. Fourie Rossouw
Musiek:		*Christo Bezuidenhoudt*
Kategese: (Gr 7-11)	17:30	
Kerk:	19:00	Ds. Henry Stopforth
Musiek:		*Gideon Rademeyer*

VOLGENDE SONDAG: 6 Maart (Doop)

Kerk:	08:00 & 10:00	Ds. Fourie Rossouw
Musiek:	*08:00*	*Christo Bezuidenhoudt*
	10:00	*Gideon Rademeyer*
Kix-Kerk: (Gr 1-6)	08:00 & 10:00	Ds. Henry Stopforth
Kategese vir G 1-6:	08:00 & 10:00	Direk na KIX-kerk
Kapel:	08:00 & 10:00	Ds. Kobus Sandenbergh
Musiek:	*08:00*	*Neil Liebenberg*
Musiek:	*10:00*	*Christo Bezuidenhoudt*
Kapel:	19:00 (Meditatief)	Ds. Hettie Wessels
Musiek:		*Christo Bezuidenhoudt*
Kategese: (Gr 7-11)	17:30	
Kerk:	19:00	Ds. Hansie Breedt
Musiek:		*Gideon Rademeyer*

Kapeldiens Donderdae om 12:00. Hierdie is ‘n 30 minute stil-word tyd gedurende die week waarby enige persoon welkom is.

VIER EN ERVAAR LEWE

Bybelstudies

Skakel gerus by enige van die onderstaande Bybelstudie-groepe in.

Dinsdae: * Mammas met babas – om 10:30. Bring gerus jou kleinding saam, want hulle word deur bekwame oumas opgepas. Navrae Lizette 083 269 9811 / Mari 072 445 3799.

* 15:30 Wilgeheuwel Aftreeoord, elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand (tydens skoolkwartale) by nr 54. Ons werk aan die Efesiërbrief van Paulus aan die hand van die Bybelkorkursus, "Christen op Weeksdae". Almal welkom. Navrae dr Willem Saunderson of Les Fischer (082 689 8318)

Woensdae: * 05:45 vir Mans by Ds. Hansie 011 475 0475 / 082 455 5035
* 05:45 vir Mans by Ds. Kobus 011 475 1474 / 082 451 1671
* Woensdae 09:00 in die grootsaal - vir alle belangstellendes. Ons gaan voort met die opwindende tema uit die Openbaringboek, "Hy kom met die Wolke". Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828 of 011 794 9375)
* Harveston Aftreeoord: Elke 2de en 4de Woensdag van die maand (tydens skoolkwartale) om 15:00 by die skouhuis. Navrae dr Willem Saunderson of Ben Greyling (083 442 1187)

Donderdae: * 08:00 vir Dames in lokaal B7. Navrae: Ds. Hansie
***** 15:30 Donderdae: Jakaranda Aftreeoord, elke 1ste en 3de Donderdag van die maand (tydens skoolkwartale) in die gemeenskapsaal by Jakaranda. Ons is besig met die Efesiërbrief van Paulus aan die hand van die Bybelkorkursus, "Christen op Weeksdae". Navrae: Dr Willem Saunderson of Piet Pretorius (072 502 8009)

Saterdae: * 07:00 vir Mans in lokaal A1. Navrae: George Louw 082 491 5313

Lief & Leed

Diensleraar hierdie week:-
Ds. Hansie Breedt
011 475 0475 / 082 455 5035

Barnabas diensbeurt hierdie week: Marie van Aarde 011 477 0174 / 082 399 3494
Jy kan ook vir Alda Boer (Direkteur Versorging) kontak op 011 475 1597 / 083 261 2700.

- Marie-Louise Pansegrouw (076 899 7135) is in 'n rehabilitasie sentrum waar sy aansterk na beroerte.
- Truia Bornman (011 675 2326) se seun Niekie ontvang behandeling vir kanker en kry baie swaar. Truia ondergaan Woensdag 'n operasie.
- Annatjie Erasmus (082 817 7234) het longkanker en ontvang nuwe behandeling.
- Dick Walter het gesondheidsprobleme. Sy vrou is Desha (011 475 1873).
- Kerry Teunen (082 959 2225) het Dinsdag begin met bestraling vir 'n gewas op haar rugwerwel. Wanneer die bestraling klaar is, gaan hul die kanker in my lewer behandel met ander terapie.
- Karen Verrynne (082 468 7466) se ma is ernstig siek.
- Mientjie Woodley (011 795 3057) begin binnekort weer met bestraling.

VIER EN ERVAAR LEWE

- Dennis Coetzee het gesondheidsprobleme. Sy vrou is Mona 011 475 5672 / 082 398 8807.
- Lettie Louw (011 679 5012 / 083 320 3095) het ‘n katarak operasie ondergaan.
- Johan Hanekom (074 114 6066) het ‘n katarak operasie ondergaan.
- Hanna Bianco (011 675 2554 / 073 188 8271) sterk aan na ‘n operasie.
- Willemien Botha (083 654 8640) sterk aan na ‘n operasie.
- Robert Whiteley (082 945 0024) se vrou Theresa het kanker en kry baie swaar.
- Suzie Matthews (083 307 7536) sê baie dankie vir gebede, besoeke en belangstelling. Haar heup is nou aangegroei.
- Baie geluk aan Juan & Natassia Eunson (082 955 0777 / 082 299 7112) met die geboorte van hul dogtertjie Zoe.
- Innige simpatie aan André Oosthuysen (082 922 6297) met die afsterwe van sy ma.
- Nico & Daleen Groen (076 979 5781) se dogtertjie (2jr) was in die hospital met ‘n virus infeksie. Die dokters het vasgestel dat haar liggam slegs abnormale bloedplaatjies produseer – wanneer sy ‘n besering kry, is dit moeilik om die bloeding te stop.

Dagboek

- **Werkersklasse:** Elke Donderdag om 14:15 in die Groot Saal.
- **Dinsdae om 19:00 in lokaal B7:** Griefshare kursus - ‘n DVD-kursus wat oor 13 weke strek met besprekings. Dit kan jou help op jou pad van heling na die dood van ‘n geliefde. Koste R60 wat ‘n werksboek insluit. Elke week se tema is onafhanklik van die vorige; daarom kan jy enige tyd inskakel. Navrae: Ds Hansie Breedt 011 475 0475 / 082 455 5035.
- **28 Februarie: Nuwe lidmate ontmoeting** om 19:00 in die Groot saal.
- **4 Maart: Wêreldbiddag vir vroue** om 08:00 ‘n Erediens in die Kapel deur ds. Hettie Wessels.
- **Silwerhoekie 2de handse verkoping:** Ons ontvang graag bruikbare klere, huishoudelike artikels, speelgoed ens. vir ons verkoping in April. Laai dit gerus by die Kerkkantoor af. ***Ons merk weer artikels hierdie Woensdag (2 Maart) vanaf 10:00 in die Groot saal. Bring asb. ook leë bokse saam om gemerkte artikels in te pak.***

⬇ ⬇ ⬇

Duitse fees: Vrydagaand 11 Maart by die kerk. Ons nooi die gemeente om saam te kom kuier en die aand te kom geniet. Kom ontspan lekker en eet Duitse kos! Kinders word vermaak terwyl ouers kuier! Feiern Sie mit uns der Deutsche Fest auf der 11. März von 18:00 in der Kirche! · **Kontak Sonet by 011 4755510 indien jy kan help asb.**

- ***Ons benodig asb. hulp en bydraes met die volgende***:
  · Aartappelslaai (ons vra dat indien jy dit maak dit genoeg vir 10 persone sal wees en dit in ‘n weggooibare houer sal bring Vrydagoggend)
  · Appelterte (ook asb. genoeg vir 10 persone in ‘n bak wat gemerk is. Bring ook asb. na die kerk Vrydagoggend.)
  · Hulp met verkope (tombola, koeldrank, bier)
  · Enige persone wat DUITSE produkte wil kom verkoop is welkom. Ons vra slegs ‘n donasie. Bring jou gesin en vriende en kom vier saam fees! Ekstra te koop: verskillende soorte vleise, vars groente en kase! Zu verkaufen: Deutcher Fleisch, frisches Gemüse und Käse
- Oompah band wat heel aand gaan speel. Lekker vars bier en koeldrank te koop! Tombola vir die kinders! "Oompah"-Musikgruppe, frisches Bier und Saft zu Verkaufen! Tombola für die Kinder.
- Koop jou kaartjies na die erediens by die hoofingang of gedurende weeksdae by die kerkkantoor. R50.00 per volwassene wat duitse wors, aartappelslaai en appeltert insluit. R25.00 vir laerskoolkinders wat ‘n mini-worsbroodjies, appelsap en ‘n duitse gemmerkoekie insluit.

VIER EN ERVAAR LEWE

Dienswerk

Daar is baie gebiede waar nood is of hulp verleen kan word. Indien jy van so iets bewus is, kontak asb.vir Alda Boer by 011 475 5510 / 083 261 2700.

Daar is reeds verskeie diensgroepe in die gemeente. Indien jy by enige van die groepe betrokke wil raak of net wil sien wat gedoen word, kontak asb die persoon wat dit koördineer.

* Voorbereidings vir funksies bv. koppies regsit, versierings, opruim, opwas en teeskink op Sondae tydens gemeente gesellighede, kontak Linda by die kerkkantoor 011 475 5510
* Begrafnisse (teeskink en/of broodjies maak), kontak Linda by die kerkkantoor 011 475 5510
* **Erediens-hulp op 'n rotasie basis** (bv. groeters, kollektering, plekaanwysers) – kontak Linda – **ons benodig weer mense wat by hierdie groepe kan aansluit.**
* Blombeurte, kontak Linda 011 475 5510
* Spyseniering van tyd tot tyd, kontak Linda 011 475 5510
* Vervoer van senior lidmate na dokters, eredienste, kontak Alda 011 475 5510
* Verskeie Barmhartigheidsake bv. Barnabas, Kinderhuise, Cosmo City kleuterskool, Sandspruit kliniek, Jan Hofmeyer kleuterskool en vele meer. Kontak Alda Boer by 011 475 5510 / 083 261 2700.

Ander

- Vir die **opgradering van ons lidmaatregister** het ons alle belydende- en dooplidmate se ID nommers nodig. E-pos asb na skriba@ngweltevreden.co.za of bel vir Christa by die kerkkantoor 011 475 5510. Maak asb. ook seker dat alle ander kontakbesonderhede reg is.
- Ons Gemeente beskik oor **mediese hulpmiddels**, bv. rolstoele, krukke, ens wat deur gemeentelede gebruik kan word. Kontak asb. die Kerkkantoor indien jy so iets benodig.
- Het jy geweet dat NG Weltevreden ook deel is van 'Facebook'? Gaan besoek gerus ons bladsy en word deel van die groep. Hier kry jy vars nuus en word op hoogte gehou van alles wat in die gemeente gebeur!
- www.ngweltevreden.co.za - besoek gerus die webblad vir meer inligting oor die gemeente!
- Wil jy graag die WEEKLIKSE nuusbrief ontvang per epos? Stuur gerus jou eposadres aan: bemarking@ngweltevreden.co.za Die Weltenuus word elke Woensdag uitgestuur.
- Ons wil graag die bestaande **logo van NG Weltevreden** verander! Die koringare was vir die afgelope 10 jaar deel van ons bestaan. Tye verander en ons 'Vier en ervaar die lewe' op soveel maniere. Daarom wil ons jou graag uitnooi om deel te wees van die opwindende projek. Ons nooi kinders, pa's ma's, oumas en oupas om die gemeente te help om 'n nuwe logo te ontwerp. Julle kan dit teken en na die kantoor toe bring of per epos stuur. Enige nuwe, vars idees is welkom! Ons wil dit eenvoudig en modern hou en dit moet eie aan NG Weltevreden wees asook 'n boodskap uitdra wat 'Vier en ervaar lewe' weerspieël. Kom help ontwerp en stuur jou idees. Daar is 'n lekker prys op die spel. Sluitingsdatum vir die ontwerpe is **MAANDAG 28 Februarie**. Enige navrae, kontak Sonet by die Kerkkantoor (011 475 1597).

Belydenis van geloof 2011

Wie: JonkX Finalejaars en ander persone wat belydenis wil aflê.
Wanneer: 8 Mei 2011
Hoe: Daag op by die As Woensdag kapeldiens op 9 Maart 2011 om 19:00.
Vir meer inligting kontak: Ds Hettie Wessels / Ds Hansie Breedt / Ds Fourie Rossouw.

VIER EN ERVAAR LEWE

Baie welkom aan die volgende belydende lidmate:-

Mariaan Janse v Rensburg (nou Venter)	Universitas
Lyon van Rensburg	Bloemfontein – Wes
Aletta Susanna Chomse (nou Kaufman)	Nelspruit – Suid

➡ French Vanilla, ons EIE koffie- en geskenkwinkel ⬅

Dinsdag tot Sondag. Kom koop julle geskenke en drink 'n lekker cappuccino. Bespreek gerus vir etes / spesiale tee, ens. vir twee en meer persone by Jan Swart (084 383 9033).

Wegneem ete 4 Maart by French Vanilla

* Kaasburgers teen R20 elk
* Bestellings sluit Donderdagaand
* Kom haal af tussen 17:00 en 19:00 op Vrydag

Kan Kerkkantoor 011 475 5510 of Jan direk by 084 383 9033 skakel om te bestel....

PARKERING by NG WELTEVREDEN:

U word vriendelik versoek om asseblief nie op enige van die rybane te parkeer nie.
Aangesien daar heelwat gestremde persone en ander wat moeilik loop in die gemeente is, word die parkering voor die kerk en naby die Kapel vir hulle gereserveer.

VERKEERSVLOEI:

Indien jy die terrein op 'n Sondag agter om ds Kobus se pastorie verlaat, maak asb gebruik van die ONDERSTE hek om uit te ry.
Ter wille van verkeersvloei en die veiligheid van voetgangers word daar nà elke erediens kegels op die draai by die ringmuur gepak. Die groot terrein se verkeer kan dan bo uit ry en die van die onderste terrein by die onderste hek.

Vir enige elektroniese betalings kan die volgende Bankbesonderhede gebruik word. NG Weltevreden, ABSA Northcliff (Takkode: 334 705) Reknr: 730 580 460
Verwysing: Naam + Van + Waarvoor

VIER EN ERVAAR LEWE

Ons ondervind tans Telkom probleme wat veroorsaak dat persone sukkel om na die Kerkkantoor deur te kom. Hiermee alternatiewe nommers: 011 475 1597 / 475 0370 / 675 1095